want ek wou teruggekom het na my mense wat ek hier agtergelaat het.

En jy wou teruggekom het om te veg teen die Regering? -- Sodat ons almal saam in vrede kan woon.

Kyk, ek wil nou nie 'n dubbelsinnige antwoord hier kry nie. Verstaan ek jou reg, jy antwoord instemmend op my stelling dat jy moet terugkom om te veg teen die Regering? -- Ja, ek stem saam, sodat ons daarna almal vreedsaam kan saamwoon.

In jou opleiding in Angola is jy ook geleer om met vuurwapens te skiet, handgranate te gooi en plofstof te gebruik? -- Dit is so dat ek hierdie verskillende opleidings ontvang het, maar die handgranate in Angola was nie lewendige handgranate nie. Dit was blikkies gewees waarmee ons geleer het.

Maar jy het geweet en jy weet dit nou nog, daardie
K118 goed, handgranate, gewere en plofstowwe, maak mense dood? -- Ja, 'n geweer weet ek kan 'n persoon doodmaak as jy op daardie persoon skiet.

'n Handgranaat ook? -- Dit is so.

En as jy 'n bom maak van plofstof en jy plaas dit op 'n plek en hy ontplof, dan kan dit mense doodmaak as daar mense is? -- Ja, dit kan.

Julle moes nou terugkom om teen die Regering te veg? -- Dit is so.

Hoe sou julle teen die Regering veg? Hoe sou julle nou van die Eerste Minister en sy Regering ontslae raak hier in Suid-Afrika? -- Soos ek gister verduidelik het, om teen sekere installasies wat vir die "system" staan in te tree.

Dit is byvoorbeeld, soos ons alreeds hier gehoor het, in

... / verskillende

verskillende afdelings opgedeel, politiek, militêr en ekonomies? -- Ek het dit nie so verstaan nie.

Hoe het jy dit verstaan? -- Ek is geleer dat die "struggle" in Suid-Afrika 'n politieke een is en dat die teikens dan van 'n politieke aard is, dat 'n persoon nie kan sê dat hierdie alleenlik 'n politieke teiken is en daardie ander een andersins nie.

Wat moes julle aanval? -- Soos ek gesê het, die geboue wat vir die sisteem staan.

Waarvoor is julle geleer om te skiet met die AK's? -- Ons was geleer om in selfverdediging op te tree of, indien dit nodig is, hierdie wapens op hierdie teikens te gebruik.

Teen wie wou julle julleself verdedig? -- Byvoorbeeld die polisie of die soldate, indien hulle vir ons by 'n sekere plek of toneel vaskeer en ons vind dat ons geen uitweg het nie, dan kon ons die wapens daar gebruik en alleenlik waar daar nie lede is van die publiek nie.

En as daar lede van die publiek is, dan moet julle maar dat die polisie julle vat? -- Ja.

En as julle julleself verdedig, dan moet julle skiet? -- Ja.

Die dag toe die Silverton-tak van Volkskas beset is, waar was jy? -- Watter datum was dit?

25 Januarie 1980? -- Ek was by Phola.

Waar is dit? -- Dit is 'n Swartwoongebied, 'n lokasie te Witrivier.

Het jy in die koerant gelees daarvan? -- Nee, ek het nie.

Jy het die getuienis in hierdie hof gehoor van wat daar gebeur het? -- Die getuienis het ek in die hof gehoor.

... / Jy

Jy het gehoor dat daar drie manne was wat gesê het hulle is ANC-mense? -- Ek het dit gehoor.

Hulle was gewapen met AK-47 submasjiengewere? -- Ek het dit gehoor, ja.

En hulle het 'n klomp mense as gyselaars aangehou? -- Ek het dit gehoor.

Toe het die polisie op die toneel verskyn? -- Ek het dit gehoor.

En toe het daar 'n skietery ontstaan? -- Ek het dit gehoor.

En verskeie persone is getref deur koeëls uit een van hierdie AK-gewere? -- Ek het dit gehoor.

Sou jy sê hierdie man het homself verdedig teen die polisie? -- Nee.

Wat het hy dan gedoen? -- Ek weet nie. Ek sal nie kan sê nie, want ek weet niks van hierdie geval nie en nog 'n ding, so 'n gebeurtenis is heeltemal teenstrydig met my opleiding. Ek het nog nie gehoor dat mense so aangehou kan word nie.

Vergeet dit nou eers vir 'n oomblik. My vraag is, sou jy sê hierdie mense daar in die bank, op wat jy gehoor het daar gebeur het - kyk, ek was ook nie daar nie, ek het ook alles net gehoor soos jy gehoor het - sou jy sê daardie persoon wat met die AK geskiet het, het homself verdedig teen die polisie toe hulle daar ingestorm het? -- Soos ek sê, ek kan nie sê wat daar gebeur het nie, maar wat ek geleer is, is dat as 'n persoon homself verdedig, dan moet hy toesien dat lede van die publiek nie beseer word nie. Ek kan nie sien hoe hy homself sou verdedig het daar waar die publiek volop was nie.

Kom ons los dit maar daar. Jy sê terwyl julle julle

... / opleiding

opleiding in Angola ontvang het, is julle ook vertel van ander organisasies? -- Ja, hierdie ander organisasies het opgekom as hulle voorbeelde gebruik het dat ons nie so moet doen soos hierdie organisasies nie.

Die Red Army, sê jy, is daar genoem? Die Rooi Leër van Japan? -- Ja, hulle het daarvan gepraat in sekere gebeurtenisse wat gesê is deur so 'n organisasie gemaak moes word en die les was dat ons nie sulke goed moet doen nie.

Is SWAPO ooit genoem? -- Ja, daar was melding gemaak van SWAPO.

En die ANC van Rhodesië of Simbabwe soos dit deesdae bekend is? -- Nee, ek weet nie van daardie organisasie nie.

Is julle geleer dat SWAPO veg vir die vryheid van die mense in Suidwes-Afrika, Namibië? -- Ja, dit was so gesê.

Teen wie veg hulle? -- Dit was gesê gewees dat hulle veg teen ons wettige okkupasie van daardie land deur die Regering van Suid-Afrika.

Het SWAPO vir julle as 'n voorbeeld voorgehou? -- Nee, dit was nie so gestel nie. Die les was ook daar gewees dat ons moet uit ons eie kan sien wat reg en verkeerd is. Dit is gesê dat ons nie byvoorbeeld net moet kyk na wat 'n organisasie soos SWAPO doen en dan by die slotsom kom dat hulle reg optree nie.

So, julle moet vir julle self besluit wat is reg binne die ANC-beleid? -- Dit is nie aan my duidelik nie. (Vraag word weer deur tolk oorgetolk) Ja.

So, jou antwoord nou op my vraag is, is dat aan julle verduidelik is dat julle moet optree volgens wat

vir julle reg is binne die beleid van die ANC? -- U meen as ons waar is?

Maak nie saak waar nie. -- Nee, die eintlike doel van die opleiding was om vir ons in staat te stel om hierdie goed wat hulle vir ons leer, te kan doen, maar ons sou nie die goed uit ons eie gedoen het nie. Hulle sou vir ons gesê het.

Sê net weer vir die Hof, hoe moes julle teen die, soos jy dit noem "sisteem" in Suid-Afrika veg? -- Soos ek gesê het, ons moes teen die geboue van die sisteem optree.

Hoe sou julle, deur op te tree teen die geboue van die sisteem, die Regering omver werp? -- Hierdie optrede was bedoel gewees om die mense bewus te maak van die bestaan van die organisasie en sodat die mense saam met ons sal staan.

En sal veg? -- Nee, nie te veg nie.

Nee, maar kyk, jy het netnou al vir die Hof gesê, die doelstelling van die ANC is om die Regering van die Republiek van Suid-Afrika met geweld omver te werp. -- Ja.

Nou hoe gaan julle dit doen? -- Die mense, die gemeenskap sou ook gehelp het, as hulle gesê word om nie werk toe te gaan nie, om te staak, maar nie om self wapens te neem en daarmee te gaan veg nie.

Maar die ANC se "cadres" soos julle dit noem, hulle sou veg? -- Dit is so. Nie soos u voorheen aan my gestel het dat dit die gemeenskap is nie, maar die mense sou dan vir ons ondersteun het deur stakings, ensovoorts.

Terwyl die gemeenskap staak, veg die ANC? -- Ek weet nie of hulle nog sou geveg het nie, maar daar sou 'n

... / tyd

tyd gekom het waar daar samesprekings moes gewees het tussen die Regering van Suid-Afrika en die ANC.

Waar kom die samesprekings nou vandaan? Die doelstelling van die ANC is dan volgens jou om die Regering met geweld omver te werp? -- Dit is nie die geweld wat die Regering sou afgebring het nie. Dit wil sê ons sou nie baklei het tot die Regering val, dat ons sien hulle het geval nie, want soos ek gesê het, die "struggle" is hier van 'n politieke aard.

Is dit reg, julle wil eers die Regering lam lê en dan met hulle gaan onderhandel? -- Tot by 'n stadium waar daar samesprekings sou gewees het, sodat ons almal saam kon leef.

Ja, maar my vraag is, wil julle eers die Regering lam lê en dan daardeur die Regering oorhaal om met die ANC te onderhandel? -- Ja.

Die Regering wil julle lam lê met wapengeweld? -- Soos ek gesê het teen wat ons sou ons opgetree het.

Teen die Regering en sy instellings? -- Die geboue van die Regering.

En die mense van die Regering? -- Nee.

In die geboue is tog mense? -- Dit is so, daar is mense.

Soos in 'n polisiestasie altyd polisiemanne is? -- Dit is die waarheid.

En jy weet as jy 'n gebou aanval waar daar mense in is, dan kan die mense seerkry? -- Dit is heeltemal korrek en dit is hoekom ons opgelei is in die verkenning van 'n toneel sodat ons die beweging van die mense daar kan bespeur.

GETUIE STAAN AF.

... / HOF

K119 HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

PETRUS TSEPO MASHIGO, nog onder eed

HOF : Ek wil net vir rekorddoeleindes die volgende noteer. Gister in die getuienis het beskuldigde nr. 1 getuig van 'n handgranaat wat hy sou gegooi het na 'n persoon wat hy sou - en ek gebruik sy woorde "harass". Die afstande is nie gemeet nie, maar ek het dit hier vasgestel as twee maal die afstand van die persoon vir wie hy wou "harass" na die plek waar die bom geval het en dat hy helfte daardie afstand van daardie persoon is. Die afstande is nou vandag gemeet. Dit kom hierop neer, dat waar beskuldigde nr. 1 gestaan het, dit 5 meter min of meer sou gewees het na die persoon wat hy skrik wou gemaak het en dan sou hy die handgranaat 10 meter anderkant daardie persoon gooi.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JANSEN (vervolg) : Voor die verdaging het jy gesê die aanval van die ANC sou gemik gewees het op Regeringsgeboue? -- So het ek gesê.

En jy weet daar sou in alle geval, na alle waarskyn-
K120 likheid, mense in sulke geboue wees? -- Ja.

Die wapens wat julle gebruik, het jy altyd geweet kan mense òf doodmaak òf ernstig beseer? -- Dit is so. Indien dit gemik word op 'n persoon.

Jou opdrag was gewees om die polisiestasie te Soekmekaar aan te val? -- Dit was.

En die rede was, julle het simpatie gesoek met die mense wat verskuif is? -- Eerstens, om simpatie te betoon met die mense van daardie plek en tweedens om die polisie se aandag daarop te vestig, dat wat hulle gedoen het deur te help met die verwydering van hierdie mense, teen die wense van die gemeenskap is.

... / Het

Het jy die toneel besoek daar waar die mense verskuif was? -- Ek was die plek gewys alhoewel ek nie tot by die plek was nie.

Weet jy wat die polisie daar gedoen het? -- Ek is meegedeel wat hulle gedoen het.

Hoekom het jy nie self gaan kyk nie? -- Ek het nie die plek geken nie.

Maar jy moes mos gaan "reconnaissance" doen" Hoekom gaan kyk jy nie wat maak die polisie daar nie? -- Dit was nie my keuse gewees om soontoe te gaan nie. Ek is gekies om soontoe te gaan.

Sersant Kruger het hier getuig dat die polisie daar by die toneel was net om moeilikheid tussen verskillende stamme daar te voorkom, tussen mense wat wou trek en mense wat nie wou trek nie? -- Ek het gehoor toe die polisiebeampte so getuig het.

Sou jy sê dit was verkeerd van die polisie om moeilikheid te verhoed tussen bakleiende mense? -- Dit was nie my mededeling gewees toe ek die instruksies gekry het nie. Wat wel aan my gesê is, is dat die mense weier om weg te trek en die polisie is daar om hulle te dwing om weg te trek.

Maar jy het nooit daaraan gedink om te gaan kyk of die gerug wat jy gehoor het, waar is nie? -- Ek het geglo dat dit die waarheid is.

My vraag is, jy het nooit daaraan gedink om self te gaan kyk nie? -- Ja, ek het nie daaraan gedink nie, want ek het geglo dit is die waarheid.

Jy en beskuldigde nr. 1 het die wapens gaan haal daar by die plek soos aangedui op foto's 2 tot 7 van <u>BEWYSSTUK K</u>? Is dit reg? -- Dit is die waarheid.

... / Hoeveel

Hoeveel keer het julle die toneel daar by Soekmekaar gaan bespied? -- Een-en-twintig keer, net soos hy gesê het.

Vyftien keer in die dag en ses keer in die nag? -- Dit is so.

Was julle eenuur in die nag daar? -- Nee, ons was nie so laat daar gewees nie. Die rede daarvoor is die volgende. Ons het alreeds besluit op 'n spesifieke tyd. Dit was om vir ons kans te gee om gebruik te maak van die nag om van die plek weg te kom.

So, jy weet nie of daar eenuur polisiemanne sou gewees het nie, of dit nie miskien baie veiliger sou gewees het om eenuur in die nag die aanval te loods nie? -- Ons het besluit op hierdie tyd, omstreeks 8.30 sodat ons die res van die nag kan gebruik om weg te kom van die plek af.

Het julle ook voor die tyd besluit om iemand sy bakkie te ontneem om te gebruik in die aanval? -- Ja.

Die betrokke aand toe julle vir mnr. Montle - voor ek daarby kom, wil ek iets anders eers stel. In 'n kwessie van vier ure kan 'n mens met 'n voertuig baie ver van daardie toneel af wegkom, nie waar nie? So, van eenuur tot vyfuur? -- Dit hang af van hoe 'n persoon wegkom.

Met 'n voertuig? -- Ja.

Toe jy mnr. Montle vasgemaak het en daar tussen die bosse laat staan het, het jy vir hom gesê hy moet net daar wag, julle gaan terugkom en julle sal sy voertuig weer vir hom gee en julle sal hom betaal? -- Ons het so vir hom gesê.

Hy het nooit so getuig hier nie? -- Ons het so vir hom gesê.

En dit is ook nooit aan hom gestel dat julle so vir

... / hom

hom gesê het nie? -- Ek kan nie onthou dat dit wel so aan hom gestel is nie, maar ons het so vir hom gesê.

MR. MAILER : My Lord, might I just refer Your Lordship to page 428 of volume 11 - I do not think it is absolutely correct what My Learned Friend said. This is Montle's evidence "Dit is toe na aanleiding daarvan dat hulle aan my gesê het daar is niks sleg wat hulle aan my sal doen nie. Hulle het toe verder gesê dat hulle besig is om ons, die Swartmense, te help. Hulle het my verder meegedeel dat met hulle terugkoms, vanwaar hulle nou reis met my voertuig, sal hulle aan my die voertuig teruggee en die gebruik daarvan aan my betaal." He himself said so.

MNR. JANSEN : Ek is jammer. Ek het daardie getuienis ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Goed.

MNR. JANSEN : Die julle besluit julle gaan nou die aanval die nag uitvoer, is dit korrek dat daar waar julle stilgehou het, julle uit die voertuig geklim het en die twee polisiebeamptes daar gesien sit het op die stoep?-- Nee.

Wanneer het jy die mense vir die eerste keer gesien? -- Ek het vir die eerste keer gesien dat dit polisie is toe ons die polisieperseel binnegaan.

Maar het jy mense sien sit daar voordat julle die perseel binne is? -- Ons het net figure van mense daar gesien.

So, julle het duidelik gesien daar is mense op die stoep? -- Ja.

Jy het nie geweet of dit polisiemanne is of nie? -- Nee.

Maar nogtans besluit julle om maar voort te gaan met die aanval? -- Nee, ons moes eers gaan vasstel het

... / of

of dit die twee polisiemanne was wat ons verwag het daar sou wees.

En toe jy nou naderstap toe sien jy dit is hulle? -- Dit is so.

Ek wil nou vir jou die vraag stel, ek het hom gebêre vir jou. Sy Edele het gister vir beskuldigde nr. 1 gevra en jy het nou seker genoeg tyd gehad om daaraan te dink. Hoekom het julle die aanval van voor af geloods waar julle gesien het die twee mense sit? Hoekom nie van agter af of van die kant af nie? -- Nee, van ver af kon ons nie sien wie hierdie twee persone is nie. Ons moes dus gaan vasstel het of dit wel die polisie was wat ons verwag het.

Nou maar goed, toe sien julle dit is die polisie. Hoekom val julle die plek van voor af aan? -- Ons het mos soos gereël - ek het in die lug geskiet om hierdie twee die kans te gee om in die polisiestasie in te hardloop.

Die mense was mos seker self gewapen gewees? As jy hier in die lug skiet, dan kan daardie polisie mos terugskiet. Julle het seker daaraan gedink? -- Ons het geen afspraak met die mense gemaak dat ons daardie tyd kom nie. Ons het geglo dat ons hulle gaan verbaas en dat hulle sal weghardloop.

Maar julle het seker daaraan gedink en dit bespreek dat die mense gewapen sou wees? -- Ons het geglo en ons was oortuig dat dit 'n verbasing vir hulle sal wees. Die hele ding sou vinnig gebeur het. Ons sou nie vir hulle 'n kans gegee het om hulle wapens te kan kry voordat ons weggekom het van die plek af nie.

Sou die aanval minder effektief gewees het as julle dit van agter af uitgevoer het of van die kant af op die

... / gebou

gebou? -- Dit was meer donker aan die kant van die gebou en as sulks kon 'n persoon per ongeluk 'n persoon skiet wat daar staan wat jy nie met die oog kon sien nie.

O, so julle het gedink daar kon nog ander persone wees wat moontlik beseer kon word? -- Ek bedoel 'n polisiebeampte. Indien ons van die kant geskiet het sonder om te gaan vasstel dat daardie twee polisiebeamptes is, kon dit gebeur het dat 'n polisieman besig is om sy rondte om die polisiestasie te neem.

Nee, maar julle het jou daar gekom en julle het nou gesien dit is polisiemanne. Nou kan julle mos padgee en die aanval van die ander kant af uitvoer? -- Dit was net een manier van die aanval gewees. Ons het hulle die kans gegee om agter die muur te gaan skuil daar. Dit is aan die binnekant van die gebou.

So, julle het besluit julle val van voor af aan, maar gee hulle eers kans dat hulle wegkom? -- Dit is so.

Is daar ook net een skoot geskiet en toe het julle gewag totdat hulle weg is en toe het julle voortgegaan met die res van die aanval? -- My wapen was op outomaties gewees. Dit was nie net die een skoot wat ek afgevuur het nie.

Meer as een skoot afgevuur in die lug. Toe het jy die mansnou kans gegee om weg te kom en toe het julle die gebou gepeper? -- Dit is so. Na die eerste bars van die vuur, het ek gelos en toe het hulle opgespring en weggehardloop. Toe hardloop ek en daarna het ek weer begin skiet.

Daar is nie teen die gebou, hier voor, geskiet terwyl een van die twee polisiebeamptes nog daar op die trappies was nie? -- Nee.

... / Kyk

Kyk na fotó 40 van BEWYSSTUK K. Sien jy die merk daar aan daardie geut en teen die muur? -- Ek sien die merk, ja.

Is dit daar voor by die gebou? -- Ja, dit is voor aan die gebou.

Jy onthou wat konstabel Mothibi hier getuig het? -- Ja, ek dink ek onthou sy getuienis.

Hy het getuig dat net hier regs van hom 'n koeël teen die pilaar vasgeslaan het. Hy het nog die vuur gesien spat. Dit was net hier langs sy kop verby. -- Ek onthou dat hy so gesê het.

Is dit nie die koeël wat hy gesien het wat daardie skade kon veroorsaak het nie? -- Dit kan wees.

Maar daar is dan volgens jou nie gevuur op die mense of op die gebou terwyl een van hulle nog daar gesit het nie? -- Ek sê nog so. Die mense het daar op die stoep gesit en ek het in die lug geskiet, nie op die muur daar waar hulle gesit het nie.

Ja, maar hy het baie duidelik hier vertel vir die Hof. Ek sal vir jou lees wat hy gesê het, bladsy 488, volume 13 "What made me to decide to run away, what convinced me that these were rule bullets, was next to where I was seated, is a metal pipe, one of these gutter-pipes where the water flows in, which was hit and I saw some fire sparks. I then decided to run away." Daar is die merk hier teen die muur en teen die pyp langs sy kop. -- Nee, ek glo nie daardie merk sou naby sy kop gewees het nie.

Dit was hier by sy kop. Hy het hier by hierdie pilaar gesit, hierdie pilaar wat jy sien op foto 40. Hy het so getuig.

... / MR. MAILER

MR. MAILER : I think I must object to this. It is calculated to mislead the witness, if not deliberate. He never ever said that it struck him just above his head or next to his head, I would like to find the passage. I am trying to find it, but what I do recollect, it is not quite fair to put it that way.

COURT : I have a distinct recollection that that is what he said. I have a recollection that Mr. Browde cross-examined as to what he could see and then something about seeing out of the side of his eye, etc. Let us just look at it from an ordinary practical common sense viewpoint. We can quickly see whether this mark corresponds with the height ... (Mr. Mailer intervenes)

MR. MAILER : Photo 64 might be helpful to Your Lordship.

COURT : There is no mark on 64. I have got 64 before me. Mnr. Jansen, waar is die getuienis wat u na verwys?

MNR. JANSEN : Bladsy 488.

HOF : Ja, maar waar hy nou sê dit is by sy kophoogte min of meer?

MNR. JANSEN : Hy het dit net hier regs van hom gesien. Dit is 'n afleiding wat ek maak dat dit kophoogte is, maar dit was slegs hier regs van die getuie gewees, soos hy getuig het.

COURT : Will you be satisfied if it is said that it was to the right of the person?

MR. MAILER : I am absolutely satisfied.

HOF: Hy is absoluut tevrede daarmee, mnr. Jansen. Dan kan u maar aangaan.

MNR. JANSEN : Net hier regs van die man se kop, 'n bietjie bokant het die koeël vasgeslaan. Daar staan nie direk by sy kop nie.

... / HOf

HOF : Is dit waar hy sê "I ran because next to me the gutter-pipe sparks flew"?

MNR. JANSEN : Dit is reg.

HOF : Dit is die nota wat ek het en daar staan nie dat hy gesê het dit is langs sy kop nie?

MNR. JANSEN : Nee, dit is nie langs sy kop nie.

HOF : Dan gaan u maar so aan.

MNR. JANSEN : As hy by hierdie pilaar gesit het, was hierdie merk net hierso regs bokant sy kop. Is dit reg?

MR. MAILER : Might I be of assistance to the Court in
K121 this regard. If you look at photo 40 of EXHIBIT K , then you will see, My Lord, that there is a joint just underneath the position where the pipe must have been struck.

COURT : Yes, and if I were to project this to the window on the left I would say it is about the same height. It is the bottom of the windowsill.

MR. MAILER : Is you have a look then at 64 again, if you look very carefully, My Lord, you can actually see the joint in the photograph.

COURT : I cannot see the joint.

MR. MAILER : Here in the middle, My Lord, approximately.

COURT : You will notice on photo no. 40, there is a bit of a plaster also damaged for what I could see from this and this should have shown on photograph 64 and that might be behind his arm.

MR. MAILER : It has been repaired. As you look carefully at the windows, everything seems to be repaired on 64.

COURT : Yes, it must have been repaired. On 42 you see that middle pil^ar is damaged and on 64 it is not damaged. It does not help one much. One moment. Let me just get

... / some

som certainty on that. I am afraid, we cannot fix it better than that, Mr. Mailer. It is somewhere to the right. What can, of course, be done with absolute certainty, I am going to give instructions, it is of importance, to the police to let me know where this downpipe joins the rest from the top and I want it on photo 40. Mnr. Jansen, kyk net na foto 40, dat ons nie hieroor weer probleme het nie, want hulle gaan nou ver ry en dan kom hulle terug en dan sê hulle hulle het dit nie so mooi verstaan nie. Ek wil 'n afmeting hê, soos op foto 40 vanaf bo waar hierdie pyp 'n effense draai maak, tot op hierdie merk en dan van daar af - ek sal daardie nou-nou probeer bepaal.

MNR. JANSEN : Miskien ook vanaf die trappies soos verskyn op foto 64.

HOF : Ja, laat ons kyk.

MNR. JANSEN : Tot by die las in die geut.

HOF: Ja, hy moet hom vat tot by die las en dan is daar nog 'n ander aspek. As u op foto 64 kyk, wil ek hê hy moet hom weer van die las af onder toe neem in lyn of liewer tot onder by die skoentjie, die heel onderste punt, daardie afstand ook en dan wil ek hê iemand moet gaan sit by H, 'n normale persoon, dat ek weet waar sy kop is. Would that not fix it?

MR. MAILER : More than that, I would like to bring to Your Lordship's attention that yesterday Mr. Basslian and Mr. Moss went to Soekmekaar and I do not wish to make any ex parte statements, but if it would assist My Learned Friend, I am not expecting him to accept this as evidence, but Mr. Moss is approximately 5 foot 10 and he stood next to the drain-pipe ... (Court intervenes)

... / COURT

COURT : Let us get the thing fixed.

MNR. JANSEN : Die ondersoekbeampte gaan in elk geval soontoe. So, hy kan Maandag weer terug wees.

HOF : Oor die naweek heel moontlik?

MNR. JANSEN : Ja.

HOF : U weet nou wat ek wil hê?

MNR. JANSEN : Ek weet presies.

HOF : Wat ek wil hê is die hoogte van hierdie man se kop met betrekking tot hierdie merkie.

MNR. JANSEN : En Mothibi is nog daar.

HOF: So, ons kry sy hoogte min of meer met sy kop en ons kry daardie hoogte van daardie punt vanwaar hy sit en wat natuurlik interessant is, hulle moet vir ons sê of hierdie onderste punt, foto 64, die onderste punt van hierdie afleipyp in 'n reguit lyn is of dieselfde hoogte is as hierdie tweede trappie by H. If there is anything you want to add to this to clear it up?

MR. MAILER : I think you said that he had been sitting on the second step.

COURT : Yes, second step. It is H on 64.

MR. MAILER : That is so.

COURT : That is where he must sit and that is why I referred to photo 64 and 40 to show where the pipe joins. I hope there are not two joins.

MR. MAILER : There are apparently, My Lord.

COURT : Are there two joins?

MR. MAILER : Yes.

MNR. JANSEN : Daar behoort drie te wees.

HOF : Die polisie weet waar hierdie pyp beseer is. Dit is die punt wat ek wil hê.

MNR. JANSEN : Daar is nog 'n merk daarso wat gesien kan

... / word

word.

HOF : As dit nodig is, laat hulle maar vir my 'n foto neem. Hulle neem pragtige foto's. Laat hulle maar daar 'n foto neem van Mothibi wat daar sit en dan die merk wat daar is en dan is die hele saak klaar. Laat Mothibi nou nie vir homself rek nie.

MNR. JANSEN : Ek sal sê hy moet sit en gemaklik eet.

HOF : Wat die Staat betref, moet nie dat hy nou lê nie.

MNR. JANSEN : Die Staat sal na sy belange kyk.

Ek sal Maandag verder met jou hieroor gesels. U getuienis is nadat die polisiebeampte wat nou later geblyk het konstabel Mothibi te wees, daar om die hoek gehardloop het, is u agter hom aan? -- Ek het in dieselfde rigting gehardloop as Mothibi.

Het u enige skote geskiet in sy rigting, byvoorbeeld hier bokant sy kop oor? -- Ek het in daardie rigting in die lug geskiet, maar dit is nadat ek gestaan het en my handgranaat uitgehaal het.

Ek wil hê u moet kyk na foto 37. Sien u daar punt G? -- Ja, ek sien punt G.

Dit is 'n watertenk? -- Ja.

Het u geskiet in die rigting van die watertenk? -- Miskien, ja.

Want daar was volgens kolonel Strydom 'n gat in daardie watertenk gewees en dit is dieselfde rigting wat die man gehardloop het, so oor sy kop het jy geskiet. -- Ja, bokant hom.

Hoekom het u in sy rigting geskiet? -- Soos ek gesê het, ek het in die lug in daardie rigting geskiet, maar ek het seker gemaak dat hy op die grond hardloop en hy het so gebukkend gehardloop.

... / Daar

Daar agter, 'n mens kan dit nou nie duidelik sien op hierdie foto nie, maar julle het mos nou die plek baie mooi verken. Daar agter, 'n mens kan sê reg onder die watertenk G is daar mos so 'n oprit waarop die karre gediens word. Is dit reg? -- Is so 'n plek nie binne-in die polisieperseel nie?

Ja, dit is in die polisieperseel, net duskant onder die tenk? -- Ek kan nie van so 'n plek onthou nie.

Want konstabel Mothibi het getuig dat daar teen daardie plek vasgeskiet is? Hier by hom verby. -- Nee, dit het ek nie gehoor nie.

Toe u nou agter Mothibi aan hardloop, waar was Lungile? -- Ek het aan die linkerkant van die polisiestasie verbygehardloop, terwyl Lungile aan die ander kant, dit is die regterkant, verbygehardloop het.

So, die oomblik toe jy links begin hardloop, toe hardloop Lungile regs? -- Dit is so.

En dit is op daardie stadium wat jy die handgranaat regs gegooi het tot daar by die aanklagkantoor? -- Nee, Lungile was die eerste persoon wat 'n granaat laat ontplof het. Ek het daarna myne ook gegooi.

Waar was Lungile toe hy syne laat ontplof het? -- Dit is toe ons begin skiet het en toe hy hardloop, het hy ook syne teruggegooi in die rigting vanwaar ons gekom het. Dit is die handgranaat wat voor die polisiestasie ontplof het soos gesien kan word op die foto's.

Hoe is jy beseer? -- Dit is die granaat wat Lungile gegooi het, wat my beseer het.

Waar was jy dan toe gewees? -- By die punt waar ek die draai gemaak het om my granaat te gooi, was ek beseer gewees. Dit is toe ek myne gooi, dat syne ontplof

... / het

het.

Syne het regs agter jou ontplof. Is dit nie reg nie? -- Ek sal nie sê direk agter my nie. Dit was nie in lyn gewees nie. Dit was wel agter my gewees, want dit is vanwaar ek gekom het.

Ja, maar regs agter jou of links agter jou? -- Aan my regterkant agter. Soos ek gekyk het, het dit aan die regterkant agter my ontplof.

Maar waar is jy beseer? -- Aan die bene.

Watter been? -- Aan die regtervoet en aan die linkerbeen.

Hoe het jy die besering aan jou regtervoet gekry aan die binnekant soos jy nou daar aandui as die handgranaat regs agter jou ontplof het? -- Soos ek gedraai het. Dit is nadat ek gedraai het, wat ek die besering opgedoen het.

Waarheen het jy gedraai? -- Toe ek gedraai het om my granaat te gooi, het ek so gestaan dat dit in lyn was met die granaat wat toe ontplof het.

Nee, dit is nog vir my baie duister. Kyk na foto 62 daar waar beskuldigde nr. 3 staan. Daar sien jy nou die vlagpaal? -- Ek sien die vlagpaal.

Kan u nou vir die Hof 'n aanduiding gee waar was u gewees toe Lungile se handgranaat ontplof het? -- Soos ek vroeër aangedui het, aan die linkerkant van die gebou in lyn met die pilare.

Daar langs hierdie afleipyp, die geut? -- Ek was nie teen die muur gewees nie.

Hoe ver van die muur af? -- Ek was 'n bietjie ver van die muur af gewees.

Twee treë of een tree of drie treë? -- Omtrent twee meter van die muur af, dit is na die linkerkant toe.

... / As

As jy nou daarna kyk, dan was hierdie plek waar die ontploffing plaasgevind het, heel skuins regs agter jou? -- Ja.

Nou wil ek hê jy moet vir die Hof verduidelik hoe het dit gekom dat jy aan die binnekant van jou regtervoet beseer is as gevolg van daardie ontploffing van Lungile se handgranaat? -- Soos ek gesê het, ek het van die draai gepraat. Soos ek beweeg het, het ek nie na my linkerkant toe gedraai nie, maar wel na my regterkant.

Ja, maar ek stel dit aan jou jy moes 'n $180^{\circ}$ draai gemaak het om die binnekant van jou regtervoet te kry na of dat hy wys na daardie gat toe waar die handgranaat ontplof het? -- As ek vir u op die foto kan wys. (Hy verwys na foto nr. 62) Soos u op die foto kan sien, was dit nie vir my nodig gewees om $180^{\circ}$ te draai soos die advokaat vir die Staat gesê het nie, maar wel effens. Die ontploffing was skuins agter my gewees aan die regterkant, want ek was meer na die linkerkant van die polisiestasie gewees.

Ja, hoe meer links jy gaan, hoe verder moet jy omdraai? -- Nee, ek verstaan nie hoe u bedoel nie.

HOF : Kyk, wat die advokaat sê, is die volgende. Kyk jy nou 'n bietjie daar na jou plek by die getuiebank. So hardloop jy. Ek is Lungile. Reg? -- Ja.

Nou sê jy, as jy nou na my draai, dan draai jy mos vir jou nog erger weg, jou regterbeen van my af wat die ontploffing maak. Nou sê die advokaat - kyk vir my, jy moet reg omdraai so dat jy jou binnekant van jou been, daardie regterkantste binnekant van jou been, na my, Lungile, kan kry. Soos jy nou so staan en jy kyk amper na my toe en ek is Lungile, dan kan ek nog nie by

... / die

die binnekant van jou been vir jou beseer nie. Ek sou die buitekant van jou been beseer, nie binnekant nie. Dit is wat die advokaat vir jou stel. -- Soos ek gesê het, dit was nie direk agter my gewees nie. Dit was skuins agter my aan die regterkant gewees en as ek effens na my regterkant toe gedraai, dan was ek in lyn gewees om so beseer te gewees het soos ek beseer is.

MNR. JANSEN : Ek gaan dit daar laat. Ek kan dit nou aan jou stel dat ek die Hof sal vra om te bevind dat jou weergawe nie alleen onwaarskynlik is nie, maar onmoontlik. Is dit nie moontlik dat Lungile die handgranaat gegooi het na hierdie twee mense waar hulle gesit het en dat jy dit nie gesien het nie? -- Nee, dit kon nie so gebeur het nie.

En dat Mashapa hom toe wel gegryp het en teruggegooi het en dat jy toe beseer is nie? -- Nee, daar bestaan nie so 'n ding nie.

Watter nut was daaraan om die handgranaat te laat ontplof daar naby die vlagpaal? Julle val mos nou nie die vlagpaal aan nie, julle val die gebou aan. -- Die doel was nie om enige persoon daar seer te maak nie. Dit is hoekom ons die handgranate aan die buitekant van die gebou gegooi het en nie binnekant waar hulle was nie.

Ja, maar julle wou mos nou die gebou beskadig? -- Dit is so.

Nou maar hoekom gooi julle nie die handgranaat teen die gebou nie? -- Om 'n handgranaat op so 'n gebou te gooi, kan gevaarlik wees, want dit bevat 'n "charge" en daardie "charge" kan skade veroorsaak wat mense seer kan maak.

Het julle dit afgespreek julle gooi nie die handgranate teen die muur of die gebou self nie, want dit is te

... / gevaarlik

gevaarlik? -- Ja, dit was bespreek gewees om die granate buitekant te laat ontplof.

Beskuldigde nr. 3 is die man wat die ander handgranaat gegooi het, neem ek aan?

MR. MAILER : I do not know the basis on which My Learned Friend put that, but I want to tell the Court right now that he will not say that.

COURT : But that does not matter. Surely he can ask a man who is at a scene and the State does not know what occurred there, any question in respect of what happened
C122 there. Do you follow?

MR. MAILER : I want to be candid with the Court.

COURT : But someone threw it or detonated it?

MR. MAILER : Yes. I know.

COURT : You say it was not accused no. 3?

MR. MAILER : I say nothing at this stage.

COURT : This accused may say it was.

MNR. JANSEN : Jou advokaat het jou nou hierso probeer help deur 'n antwoord in jou mond te lê.

MR. MAILER : I want to show My Learned Friend the statement which the accused had given me and I ask My Learned Friend immediately to retract what he has said about me.

COURT : What Your Learned Friend is really saying is this. Your objection is bona fide, but it came in an inopportune time.

MR. MAILER : He said that I am being calculated in this Court, that I am behaving in a dishonourable fashion towards Your Lordship and I ask that he withdraws this immediately.

COURT : What he wants to say is, it came in an inopportune time. It did come in an inopportune time.

... / MR. MAILER

MR. MAILER : But he must not say I am trying to help the witness. I resent that.

CCURT : I put it differently. I said it came in an inopportune time. You did not do so intentionally.

MR. MAILER : No, My Lord, and therefore My Learned Friend should not make these allegations.

HOF : Gaan aan, mnr. Jansen.

MNR. JANSEN : Wie het die handgranaat gegooi wat daar agter die gebou ontplof het? -- Dit is Lungile.

Hy het hom teen die muur gegooi? -- Aan die buitekant.

Ja, aan die buitekant van die gebou en hy het die gebou beskadig daardeur? -- Ja, dit is so.

En die hele doel van julle aanval was om daardie gebou te beskadig? -- Dit is so.

Watter ander verklaring kan jy gee hoekom het die eerste handgranaat daar buitekant by die vlagpaal ontplof? -- Dit was nie van groot belang waar presies die handgranate buitekant ontplof nie, maar ons moes toegesien het dat dit nie ontplof waar dit mense moontlik sal seermaak nie. Net nie aan die binnekant nie.

Hoe is konstabel Mashapa beseer? -- Dit moes skrapnel gewees het terwyl hy na die binnekant van die polisiestasie toe gegaan het, wat vir hom beseer het.

Ja, maar op daardie stadium was daar mos nou nog nie 'n handgranaat gegooi toe hy ingaan polisiestasie toe nie? -- Ek het alreeds gesê dat toe ek begin skiet, het ek die ontploffing van 'n granaat gehoor. Ek het geskiet en toe ek die vuur staak om te draai om my granaat te gooi, het die ander een ontplof.

Ja, maar toe was Mashapa al binne-in die gebou gewees?

... / Ja

-- Ja, dit is moontlik dat hy alreeds binne-in die gebou was, dat dit by die deur ingegaan het. As hy in lyn was met die deur, kon die skrapnel vir hom seergemaak het.

Jy weet, wat vir my eienaardig is. Mashapa is omtrent net so ver weg van die handgranaat toe hy ontplof as jy, volgens jou storie? -- Nee, ek sê nie so nie. Na ek die eerste skoot geskiet het, het ek vorentoe beweeg. Mashapa moes eers opgestaan het vanwaar hy was, omdraai en hardloop. Ons het dus nie by dieselfde posisies begin nie.

Ek praat nie vanwaar julle begin het nie. Toe die handgranaat ontplof het, toe was Mashapa hier in die deur van die aanklagkantoor? -- Nee, hy moes aan die binnekant van die aanklagkantoor gewees het.

Goed, kom ons aanvaar hy was net binne die aanklagkantoor se deur gewees? -- Ja.

En jy is amper dieselfde afstand as hy weg van die punt waar die ontploffing plaasgevind het? -- Ja, min of meer.

Jy word onder by jou voete getref en hy teen die skouer? -- Dit het ook vir my aan die bobeen aan die linkerkant beseer.

En vir hom baie hoër? -- Ja.

Is dit nie reg dat hoe nader jy aan die ontploffing is, hoe laer is die skrapnel nie? Verder weg dan gaan hy hoër in die lug op? -- Dit is so, maar dit hang af hoe die skrapnel uitkom van die granaat af, want dit is mos rondom die granaat. Daar was van die skrapnel wat uit die grond uitgehaal is. Hulle het nie almal in die lug gegaan nie.

Dit is heeltemal reg, maar hy sprei op. -- Party gaan boontoe, ja.

... / Ek

Ek stel dit aan jou hierdie handgranaat is teruggegooi na julle toe en dit is waar jy jou beserings opgedoen het? -- Nee, daar bestaan nie so 'n ding nie.

Jy het gehoor wat beskuldigde nr. 1 hier getuig het. Hy het gesê dat julle voor die tyd, voor hierdie aanval, eers bedenkinge gehad het en dit oorweeg het om nie meer die aanval uit te voer nie? -- Ek het gehoor toe beskuldigde nr. 1 so gesê het.

Is dit reg? -- Ek het gister vir die eerste keer gehoor toe hy dit hier sê. Moontlik het hy daarvan gepraat terwyl hy nog in Mosambiek was, toe ek nie by was nie, want hy het toe verder gesê dat die hele ding toe weer aan hom verduidelik is en toe het hy verstaan.

Nee, soos ek hom verstaan het, was dit julle vier manne wat die ding bespreek het. Sê vir my as ek verkeerd is, as jy dit nie so verstaan het nie? -- Nee, ek het hom nie so verstaan nie.

Het jy geweet van die pamflette wat daar gelaat sou word? -- Nee, ek het nie geweet van enige pamflette nie.

Hoe sou julle die simpatie gekry het van die mense wat verskuif was? -- Ek is meegedeel dat iets gedoen sal word om daardie mense te wys wie dit is, maar hoe dit gedoen sou gewees het, is nie gesê nie. Ek dink dit sou die pamflette gewees het. Ek het nie van die pamflette geweet nie. Ek het wel geweet dat hierdie mense op een of ander manier laat weet sal word.

Na die aanval op Soekmekaar, het jy en beskuldigde nr. 1 toe die wapens gaan wegsteek? -- Dit is so.

En jy was in besit gewees derhalwe van al daardie wapens wat daar by die 20 kilometer merk weggesteek is? -- Dit is so.

... / Wat

Wat was beskuldigde nr. 3 se aandeel gewees in die aanval? Wat sou hy gedoen het? -- Sy plig was om toe te sien dat daar nie mense in die rigting van die polisiestasie beweeg gedurende die aanval, wat beserings kon opgedoen het nie.

Hoe sou hy hulle verhoed het om daar te beweeg? -- Hy moes in die lug geskiet het.

Het hy toe geskiet? -- Hy het geskiet. Hy het in die lug geskiet. Toe hy na die voertuig toe gehardloop het, toe hy weggaan van die punt waar hy was, het hy in die lug geskiet. Dit was na die aanval op die polisiestasie.

Daar is 'n klomp koeëls gekry daar by punt T hier by die stopstraat of punt S, doppies, ekskuus. Foto 36. -- Ja, daar moes gewees het.

Hoekom sou daar gewees? Moes hy daarvandaan gevuur het? -- Dit is die punt waar hy moes gestaan het, want van hierdie punt S op die foto kon hy mense gesien het wat in altwee strate beweeg het.

Waarheen moes hy geskiet het? -- Wat belangrik is, is dat hy in die lug moes skiet.

Net as daar mense aankom? -- As daar mense gekom het, maar daar was ook niks verkeerd soos hy geskiet het toe hy weggaan van daardie punt af nie.

Daardie handgranaat wat jy gegooi het wat nou nie ontplof het nie, waarteen het jy hom vasgegooi? -- Ek het na die voorkant van die polisiestasie gegooi.

Waar het hy die polisiestasie getref? -- Dit moes dit daar teen die trappe van die aanklagkantoor getref het.

Hier voor by die deur? -- Nee, dit is mos lang strate daardie, van die deur af. Hulle beweeg met die hele muur.

... / Ja

Ja, maar waar het jy bedoel om hulle te gooi? -- Aan die buitekant van die gebou.

Ja, maar waar voor? -- Aan die voorkant. Enige plek aan die voorkant van die gebou, nie aan die binnekant nie.

Teen die muur? -- U meen, moes ek dit vasgesit het teen die muur of hoe?

Dit is nou 'n belaglike vraag. -- Ek verstaan nie die vraag nie.

Was dit veronderstel dat jy die handgranaat teen die muur gooi? Moet hy daar teen die muur ontplof? -- Nee, soos ek sê, ek het dit nie teen die muur gegooi nie. Ek het dit voor die aanklagkantoor op die stoep gegooi.

O, op die stoep? -- Aan die voorkant waar die stoep is.

Maar op die stoep? -- Nee, nie op die stoep nie.

Hoekom het jy dan gesê op die stoep? -- Dit is die tolk wat so gesê het.

Ja, maar die tolk vertolk net wat jy sê? -- Ek het gesê aan die voorkant. Toe u gevra het "teen die muur?" het ek gevra of ek dit teen die muur vas moes gesit het.

Het jy dit gegooi dat dit op die stoep moet val of op die grasperk voor die stoep? -- Aan die voorkant van die stoep.

Op die grasperk? -- Dit is waar ek dit gegooi het.

Blaai na foto's 93 en 94. Hoe is die handgranaat - en dit is die handgranaat wat volgens kolonel Strydom daar opgetel is - so beskadig? -- Dit is moe duidelik dat dit een 'n harde voorwerp getref het.

Ja, maar jy het hom dan gegooi dat hy op die gras val? -- Ek het gesê ek het dit in daardie rigting gegooi,

... / nie

nie spesifiek op die stoep nie.

Ja, jy het spesifiek gesê jy het dit gegooi dat hy daar op die grasperk moet ontplof? -- Nee, miskien is dit nie duidelik aan u vertolk nie. Ek het nie so gesê nie.

Natuurlik. Ek het jou spesifiek gevra daarna op die grasperk en jy het gesê ja, op die grasperk, dit het daar ontplof? -- Ek het gesê in daardie rigting.

Het jy hom toe teen die muur vasgegooi? -- Nie teen die muur nie.

Waarteen dan? -- Ek het in daardie rigting gegooi. Ek weet nie teen watse voorwerp het dit getref nie. Dit is moontlik teen die een of ander voorwerp, moontlik op die stoep, op die trappe.

GETUIE STAAN AF.

BESPREKING TUSSEN HOF, MNR. MAILER EN MNR. JANSEN IN VERBAND MET KONSULTASIES MET BESKULDIGDES OOR DIE NAWEEK.

HOF VERDAAG TOT 20 OKTOBER 1980.

- - - - - - - - - - -

**Collection Number: AD2021**

## SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials 1958-1982

### *PUBLISHER:*
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand by the Church of the Province of South Africa.